

Skrifgedeelte: Johannes 4:1-26 (AFR83)

Fokusgedeelte: Johannes 4:13, 14

Kom kry van die lewende water wat ewige lewe gee by Jesus Christus

Jesus in gesprek met 'n Samaritaanse vrou by die put waar sy kom water skep het. 'n Gesprek begin wat vir haar van lewensbelang sou wees. God gee aan mense water uit 'n put om die gewone dors te les. Maar God gee ook 'n groter geskenk. Hy stuur sy Seun na die wêreld om verlossing te bring. Op daardie oomblik weet sy nog nie "Wie dit is" wat met haar praat nie. Jesus wil haar juis tot die kennis bring dat hy die Messias is. Hy wil hê sy moet verder uitvra, sodat sy die een sou wees wat lewende water vra. Die mense van Jesus se tyd het vloeiende water vir hulle reinigingsgebruike, soos in 'n rivier of fontein, "lewende water" genoem. Jesus praat dan van "lewende water" om die nuwe, ware, ewige lewe wat Hy kom bring het, aan te dui.

"Mevrou," sê Jesus, "die water wat Ek jou (en almal wat dors na die ewige lewe) sal gee... is anders." Die werkwoord wat Jesus in die gesprek gebruik, dui op 'n eenmalige gee, wat dan genoeg is om dors te les. Wie een keer van die "lewende water" gedrink het, sal nooit weer geestelik dors kry nie. Nie dat jy nie die genade van God elke dag in jou lewe nodig het nie! Maar nadat jy van die water wat Jesus gee, gedrink het, is dit so dat die Heilige Gees dit in jou 'n altyd vloeiende fontein maak.

Jesus sê: "Wie van die water drink ..." Almal word genooi na die water wat Hy gee, nie net Jode nie. Ook die Samaritane, heidene, en deur die eeue, jy en ek.

Die Samaritaanse vrou kon vir haar dorpsmense gaan vertel van die Messias wat die "lewende water" gee. Al het sy 'n sondige verlede gehad, word sy 'n vurige getuie. Op haar getuienis was daar baie vrug.

Kom kry dan van die lewende water by Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 18-6:1-6

Ds. JF Mouton (Koos) (emeritus)